

# **PROKUREURSEKSAMEN**

## **DEEL 2 BOEDELS**

**15 MAART 2022**

**14:00-16:15**

**Totaal: [100]**

***Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 ure volg dan daarna.***

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat 'n totaal van 40% en minder as 50% behaal sal hy/sy 'n mondeling moet aflê. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal, sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en druip dus hierdie eksamen.

## **VRAAG 1**

[60]

John Koen en Mavis Koen was met mekaar getroud gewees binne gemeenskap van goedere. John het te sterwe gekom op die 22ste Augustus 2020 sonder 'n testament. Hy word oorleef deur sy vrou Mavis, een volwasse dogter en een minderjarige seun.

Sy bestorwe boedel bestaan uit die volgende:

1. 'n Woonhuis geleë te Nr. 2 Mcubakazi Dorpsgebied, Butterworth, Oos-Kaap gewaardeer teen R179 000,00, welke woning afbetaal is.
2. 'n Motorvoertuig (Toyota Quantum) gewaardeer teen R52 000,00, wat ten volle afbetaal is, met Registrasie Nommer FZK 564 EC.
3. 'n Venter sleepwa met Registrasie Nommer FFL 590 EC gewaardeer teen R10 000,00.
4. 'n Flex Rekening by Nedbank met 'n balans van R4 097,37, soos op 22 Augustus 2020, daarna krediet rente tot die som van R200,00 wat opgeloop het.
5. 'n Vuurwapen gewaardeer teen R4 000,00, met kaliber 9mm pistool met reeksnommer TQ 097613.
6. 'n Paaiement ontvang vanaf SA TAXI Versekeringsmaatskappy met betrekking tot die TOYOTA HI ACE wat afgeskryf is gedurende 'n motorbotsing ten bedrae van R159 572,62.
7. 'n Plus Rekening by Nedbank met balans ten bedrae van R4 534,47 soos op 22 Augustus 2020, daarna krediet rente tot die som van R50,00 wat opgeloop het in die rekening.
8. Totale Laste insluitende administratiewe uitgawes, Meestersfooie, Eksekuteursfooie, BTW op Eksekuteursfooie, heffings ten opsigte van munisipale en water rekeninge asook alle relevante uitgawes betrekende tot hierdie boedel beloop R50 729,09.

Stel 'n volledige Likwidasie en Distribusie Rekening op vir die bestorwe boedel van die afgesterwe John Koen, om by die Meester van die Hoë Hof ingedien te word. Spesifiseer die nodige uitgawes. Gebruik hipotetiese informasie waar nodig.

## **VRAAG 2**

[11]

Barry het op 13 Januarie 2020 'n testament opgestel waarin hy sy boedel bemaak het aan sy vrou, Maria. Barry en Maria wie buite gemeenskap van goedere getroud was, het geskei op 12 Maart 2021. Barry het toe op die 12de April 2021 met Emily getrou waarna Barry op die 10de Mei 2021 kinderloos gesterf het.

- 2.1 Emily nader u vir advies rakende of sy of Maria sal erf vanaf Barry se bestorwe boedel. Adviseer u kliënt ten volle met betrekking tot die reg sposisie op haar vraag. (5)
- 2.2 Sal u advies verskil as Barry gesterf het op 17 Julie 2021? (6)

**VRAAG 3****[9]**

Donald het 'n testament opgestel waarin hy 'n kontant legaat ten bedrae van R300 000,00 bemaak het aan sy vriendin Sarah in paragraaf 5 van sy testament, welke testament gedateer is die 13de Augustus 2020. Vyf maande later, ondervind hulle 'n ernstige meningsverskil, waarna Donald van besluit verander het en nou wens om die vermelde kontant legaat aan sy suster Faith, te bemaak.

Stel die nodige dokument op om uiting te gee aan Donald se wense.

**VRAAG 4****[10]**

U kliënt Joshua sterf intestaat en word oorleef deur die volgende persone:

- a) Sy gewese vrou Leah;
  - b) Sy biologiese ouma Florah;
  - c) Susan, die tweede vrou van sy aangename vader, Henry;
  - d) Merlin, die dogter van Susan en Henry;
  - e) Joseph en Sam, die kinders van sy aangename vader, Henry, van Henry se eerste huwelik met Dorah;
  - f) Sy moeder Mavis;
  - g) Sy suster Jane, wie die kind is van Henry en Mavis;
  - h) Sy oom Peter, wie hom groot gemaak het vanaf die ouderdom van tien jaar.
- 4.1 Sy netto boedel beloop R944 200,00 in kontant. Wie is Joshua se erfgename en hoe sal sy boedel verdeel word? (7)
- 4.2 Wie, indien enige, van die bovenmelde persone sal nie erf nie? Verduidelik ook hoekom nie. (3)

**VRAAG 5****[10]**

U verteenwoordig 'n Eksekuteur van 'n bestorwe boedel. U kliënt ontvang 'n eis vanaf 'n Krediteur van die oorledende na die periode, soos toegelaat in die kennisgewing van Krediteure, om eise teen die boedel in te stel.

Verduidelik hoe u kliënt met hierdie eis moet handel en watter advies, indien enige, sal u, u kliënt gee as u kliënt die eis betwis?

---

- DIE EINDE -

---